Ben J. de Klerk & Fika J. van Rensburg

PREEKGEBOORTE. ’N HANDLEIDING VIR GEREFORMEERDE EKSEGESE EN PREDIKING. TOEGEPAS OP 1 PETRUS 2:11-12, 18-25.

2005. Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 145pp.
(Ook in Engels beskikbaar: *Making a sermon*.)

Preekgeboorte is ’n handboek vir die klassituasie. Dit begelei die student in 27 stappe van die mees basiese eksegese tot die voltooide preek. Met “student” word bedoel die een wat Grieks 2 of 3 agter die blad het en dus die eksegese uit die Griekse grondteks kan doen. Met enkele aanpassings sou die stappe egter ook gevolg kon word deur studente met geen kennis van Grieks nie. Die boek is afgestem op preekmaak uit die Nuwe Testament, maar die stappe kan sekerlik ook op die Ou Testament toegepas word.

Al 27 stappe (wat terselfdertyd die hoofstukke van die boek uitmaak) kan nie hier volledig genoem word nie, maar om die leser ‘n “gevoel” te gee van wat aan die orde is, noem ek enkeles: Perikoopafbakening en -situering, genre-ontleding, tekskritiese kwessies, perikoopstruktuur, sosio-historiese konteks, openbaringshistoriese situering, die prediker se eie konteks, formulering van preektema en -skema, skryf van die preek, preekvoordrag.

Die boek is geskryf vanuit ’n gereformeerde agtergrond. Groot klem word dus geplaas op die Bybel as Godsopenbaring, die gesag van die Skrif en die belydenisskrifte, en dat preekmaak ’n samespel is van wetenskaplike metode, persoonlike kreatiwiteit en Goddelike inspirasie. By laasgenoemde word gevolglik sterk klem gelê op die leiding van die Heilige Gees in die preekmaakproses. Soos te wagte, skets die eerste hoofstuk ’n paar vertrekpunte, soos die inspirasie en gesag van die Bybel, die eenheid van die kanon, Skrifverklaring as feilbare en voorlopige werk wat ’n gekontroleerde leesproses noodsaak, en preekmaak as werk wat in biddende afhanklikheid van God geskied.

*Preekgeboorte* is ’n baie nuttige boek, om die volgende redes:

- Dikwels kla studente dat hulle nie die brug kan slaan tussen die “rou” eksegese en preekmaak nie. Maar hier het hulle ’n handleiding wat stap vir stap verduidelik hoe preekmaak ’n onderneming is waar eksegetiese, hermeneutiese en homiletiese insigte elkeen aan die orde gestel word.
- Iets wat in noue verband hiermee staan, is dat studente preekmaak dikwels beleef as dualistiese arbeid: Hulle weet nie mooi hoe om geloof en rede bymekaar uit te bring nie. Hierdie handleiding begelei die student egter daarin dat harde eksegetiese arbeid en geestelike belewing nie teenoor mekaar staan nie, maar mekaar wedersyds bevrug. Hoe meer jy jou verstand en die wetenskaplike metode inspan, hoe meer gaan die teks

oop en roep dit geestelike verwondering op; en laasgenoemde skep weer die behoefte na groter verstaan.

- Dieselfde teks (1 Petrus 2:11-12, 18-25) word deurgaans as illustrasie gebruik. So kan die leser sien hoe die verskillende stappe telkens 'n nuwe boublokkie voeg tot die verstaan van die teks.
- Hiermee hang saam dat daar ook praktiese oefeninge ingebou word om die vaardigheid van die student te slyp. Dit skep die gevoel van bemagtiging. Die student leer dat preekmaak nie 'n onmoontlike taak is nie. Indien dit afgebreek word in kleiner, hanteerbare eenhede, kan enigeen dit baasraak.
- Kortom, die leser kry die gevoel dat in hierdie boek twee ervare leermeesters aan die woord is wat die student op 'n wetenskaplike, maar ook bevatlike wyse kan help om die geheime van eksegese en preekmaak te ontrafel.

By al die waardering wat ek vir die handleiding het, is daar tog die volgende kwessies wat kritiese bespreking oproep.

- Op p. 9 word die standpunt gestel dat wat in die Bybel geopenbaar word, vasstaan, maar dat ons verklaring daarvan nie vasstaan nie. Dit hang saam met die stelling op pp. 12-13 dat die Gees volmaak lei, maar dat ons vermoë om daardie leiding te volg, onvolmaak is. Vanuit tradisionele gereformeerde perspektief verstáán mens hierdie formulerings, want dit probeer twee "teenoorstaandes" versoen — dat ons in die Bybel enersyds met "suiwer" Goddelike openbaring te doen het wat andersyds met onvolmaakte menslike pogings tot verstaan en formulering ontgin moet word. En laasgenoemde sou dan legitimeer waarom Skrifondersoek geoorloof is: Jy tas nie die openbaring aan nie, jy probeer net die menslike verstaan optimaliseer.

  Hierdie formulerings doen egter oudmodies aan, en dit ruik na dualisme. Die totstandkoming van die Skrif vertoon 'n veel genuanseerder prentjie. Dis nie net suiwer openbaring nie. Die Bybel self is die resultaat van menslike besinning oor die selfbekendmaking van God. Menslike uitleg begin nie eers ná die totstandkoming van die Bybel nie, dis inherent deel daarvan. Die Bybel is inderdaad Gods *Woord in mensetaal*; dis die resultaat van 'n dinamiese proses van Goddelike selfbekendmaking en menslike refleksie. Die aard van die Bybel roep dus as sodanig Skrifondersoek op. Sonder om die Bybel sy unieke status as kanon te ontsê, kan mens sê dat Skrifondersoek maar net die voortsetting van die proses is waardeur die Bybel self tot stand gekom het. Skrifondersoek is daarom nie 'n soektog na die "heilige graal" van Goddelike openbaring wat êrens versteek lê onder die rommel van onvolkome menslike verstaan

nie. Dis eerder 'n saamdink met die Bybelskrywers — om vanuit ons konteks met al die middele tot ons beskikking in gesprek te tree met die Bybelskrywers sodat hulle worsteling met God ook ons s'n word. En dis vanuit hierdie omgang met die Skrif dat telkens die belydenis aan die gelowige ontruk word dat ons hier met God se Woord te doen het.

- In noue aansluiting hierby kan mens ook nie help om raak te sien hoe die skrywers se konteks — die Gereformeerde Kerke in SA — in die boek deurslaan nie. So hoor ons op p. 10 dat ons klaar duidelikheid het oor die groot geloofswaarhede, maar dat dit die prakties-etiese sake is (soos die vrou in die amp en die wyse van nagmaalsviering) wat tot verdere Skrifstudie verplig. Hierdie stelling is 'n verdere manifestering van die siening wat in die vorige punt as problematies uitgewys is. So asof Skrifondersoek net nog kan gaan oor die mindere aangeleenthede in die Skrifopenbaring, want die groot sake staan reeds vas. Die beste goud is reeds ontgin. Dis net die laaste onsuiwerhede wat nog uitgeloog moet word. Ek verstaan wat die skrywers probeer sê, maar die worsteling met die Godsopenbaring is veel komplekser as dit. Elke geslag moet opnuut in die lig van nuwe omstandighede en ondersoekmetodes met die *totale* Godsopenbaring worstel. Slegs so bly laasgenoemde 'n dinamiese werklikheid vir die hier en nou. Ook die "groot geloofswaarhede" kan nie maar net gerepeteer word nie, maar moet asof vir die eerste keer toegeëien en geformuleer word vir vandag.

- Hierbo is die positiewe van die 27 stappe uitgewys. Maar daar is ook die ander kant van die muntstuk. Is dit nie 'n oorregulering, 'n "vertegnologisering" van die preekmaakproses, wat preekmaak as iets geweldig ingewikkeld voorstel en mens by voorbaat tot moedeloosheid stem nie? Na alles is 27 stappe 'n lang prosedure. Is dit volhoubaar in die praktyk? Daarom dink ek die proses kan vereenvoudig word.

  En verder mag dit die indruk wek van 'n soort flatervrye resep — volg net hierdie stappe, presies so, en 'n suksesvolle preek word gewaarborg; jy sál die suiwer goud van die Godsopenbaring ontdek. Vir seker is dít nie die bedoeling van die voorgestelde stappe nie, maar ek het tog die ongemaklike gevoel gekry by die deurlees dat hierdie stappe amper op 'n positivistiese manier sukses waarborg.

  Miskien moes die outeurs eerder klem gelê het op die kern*aspekte* van preekmaak as op die stappe. Al die stappe lê ook nie op dieselfde vlak nie. Die hermeneutiese besinning is byvoorbeeld veel belangriker vir die praktyk van preekmaak as tekskritiese kwessies.

Hierdie kritiese opmerkings word eerder vraenderwys gemaak as wat dit bedoel is om die boek se waarde te ondermyn. Want eintlik wil ek die outeurs

gelukwens met ’n handleiding wat ons almal met groot vrug kan gebruik. Hulle het die sake wat ter sprake is in die preekmaakproses met groot sorg geïdentifiseer en helder en duidelik uitgespel, en daarvoor het ek groot waardering. Want of jy dit nou presies so volg of nie, die sake wat hier uitgelig word, kan inderdaad nie geïgnoreer word as jy ernstig is oor preekmaak nie. Dit gaan immers oor die Godsopenbaring, vir destyds én vandag. En dit bly ’n ernstige aangeleentheid.

Prof. Hermie C. van Zyl
Dekaan: Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat